

# HEILBRON

# HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



>>> BLADSY 2

### Kiesregistrasie uitgestel

Die kieser registrasienaweek is van 17-18 Julie uit gestel na die naweek van 31 Julie – 1 Augustus 2021.

>>> BLADSY 3

### Foioe, heffings en tariewe...

Tussen brandstof, krag en jou munisipale rekening gaan jou beursie plat wees met hierdie verhogings.

>>> BLADSY 8

### Zacharia se eerste mug

Gholfers was verlede Saterdag redelik droëbek tydens die HBA maandbeker, maar die lus vir die spel het die manne baan toe getrek.

# BRAVO VIR FLINKE SAPD

*Vermeende aanvallers verskyn vandag in hof.*

Vyf verdagtes is Dinsdag in hegtenis geneem en sal vandag in die landdroshof in Heilbron verskyn op aanklag van die besit van ongelisensieerde vuurwapens en ammunisie, die sameswering om 'n misdaad te pleeg en dat hulle hulself as polisiebeamptes voorgedoen het. Vier mans en een vrou tussen die ouderdomme van 30 en 41 jaar oud, is omstreeks 21:30 Dinsdagaand in 'n rooi Mazda 3 op die Gottenburg-pad naby Heilbron voorgekeer. Dit is na die flink optrede van die Heilbron polisie met die Valke ondersoekende eenheid en die Fezile Dabi taktiese reaksie-eenheid, wat vinnig op informasie reageer het oor 'n beplande

plaasaanval. Nadat die motor voorgekeer en deursoek is, is daar beslag gelê op twee ongelisensieerde vuurwapens en twaalf rondtes ammunisie. Daar is ook twee vervalste polisie aanstellingskaarte gevind. Al die items, insluitend die voertuig wat gebruik was in hulle poging tot misdaad, is gekonfiskeer. Die vuurwapens sal vir ballistiese toetse gestuur word om te bepaal of die wapens in enige ander misdade gebruik is. Twee van die verdagtes is van Gauteng en die ander drie vanaf KwaZulu-Natal en die ondersoek sal voortduur om te bepaal of die verdagtes ook met ander misdade verbind kan word.





**STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION**

## HERSTEL EN VERVAARDIGING

- Tenkwaens, Plaaswaens, Enkel- en Dubbelaswaens
- Agri Implemente
- Algemene sweis, herstelwerk en vervaardiging
- Vlekvrye staal sweiswerke
- Maak en installasie van hidroliese pype
- Pasmaak trokseile

## ALLES ONDER EEN DAK



**ONDERDELE**

- Bearings en pulleys – alle groottes
- Trokonderstelle
- Elektriese motors en ratkaste
- Olies en Smeermiddels
- Boute, wassers en moere
- GoStainless-pype en koppelings
- Hidroliese pype en -koppelings
- Batterie
- Skoonmaak middels

Tel No. > 058 852 3491  
 Fax No. > 058 852 3657  
 E-mail > eddie@ejsm.co.za  
 Website > www.ejsm.co.za





## FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



**Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff: 083 210 7135**

Posbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1071  
 E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za  
 www.bkb.co.za  
 Reg. No: 2005/026173/07

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

# IN-RY KERK BY NG HEILBRON-SUID

## Dit het gewerk!!!

Verlede Sondag is daar geskiedenis gemaak toe die NG Gemeente Heilbron-Suid 'n inry-kerkdiens gehou het met hul leraar, ds. Tiaan Victor as prediker. Kerkgangers het op die parkeerterrein voor die kerk geparkeer vanwaar hulle in die gemak en veiligheid van hul motors die erediens kon meemaak. Ds. Victor het sy preek gelewer vanuit die ingang van die kerk se voorportaal waar almal hom kon sien en deur middel van 'n FM kanaal, soos gereël deur meneer Tampies Swart, het die boodskap helder en duidelik gespreek tot elke luisteraar. Na afloop van hierdie besondere en gewyde

geleentheid, het almal huiswaarts gekeer. Die terugvoer was "Ons was nie saam in dieselfde gebou nie, maar het God se belofte ervaar waar Hy sy teenwoordigheid belooft wanneer twee of meer in sy Naam vergader." Vir Sondag 11 Julie word daar weer so 'n diens beplan. Mnr. Gert Naude (076 431 2257) kan geskakel word vir meer inligting.

### Die eredienste sal as volg plaasvind:

**11 Julie 2021:**

Ds Hans van Vuuren

**18 Julie 2021:**

Ds Hans van Vuuren

**25 Julie 2021:**

Ds Tiaan Victor



Herald  
Office National

SHOP NOW!

**WHAT IS POPI ACT?**

The Protection of Personal Information Act applies conditions for the lawful processing of personal data of South Africans.

Which shredder to buy?  
Cross-Cut Shredder (P-3 or P-4) or a Micro-Cut Shredder (P-5) and to be really safe, you can use a Super Micro-Cut Shredder (P-6) or a Super Fine Micro-Cut Shredder (P-6+).

**SPEAK TO US**  
For advice on the right shredder for you and your business.

058 852 3033  
heraldoffice@heilbron.co.za



## KIESREGISTRASIE UITGESTEL

Die verkiesingskommissie het die kieser registrasienaweek met twee weke uitgestel in die lig van die huidige derde golf van die Covid-19 pandemie. Die kommissie het Woensdag tydens 'n spesiale vergadering besluit om die kieser registrasienaweek van 17-18 Julie uit te stel na die naweek van 31 Julie – 1 Augustus 2021. Hierdie besluit is geneem na hersiening van die land se huidige omstandighede, insluitend die koers van infeksies en hospitalisasie die afgelope sewe dae en die impak daarvan op die voorbereiding van die registrasienaweek. Die kommissie het ook besware in ag geneem wat deur politieke partye geopper is, asook waarskuwings van gesondheidsbeamptes en ander kenners. Gesondheidswerkers het verlede week gesê die huidige golf sal waarskynlik tot minstens die einde van die maand voortduur. Die uitstel het egter 'n impak op sekere datums en aktiwiteite, insluitend die proklamasie wat met vier dae tot 6 Augustus uitgestel word. Die kommissie bly egter vol vertroue dat 'n suksesvolle verkiesing steeds gehou kan word binne 'n korter tydperk van 82 dae as die oorspronklike 86 dae. Meeste partye se verteenwoordigers by die vergadering het die besluit verwelkom, alhoewel party, wat ten gunste was van uitstel, gemaak het dat dit langer uitgestel moet word. Die kommissie wag vir die finale verslag van die Moseneke-onderzoek of die verkiesing vry en regverdig kan wees as dit voortgaan op 27 Oktober. Die ondersoek word gelei deur voormalige adjunkhoofregter Justice Dikgang Moseneke. Hy sal na verwagting sy verslag en aanbevelings op 21 Julie aan die kommissie voorlê. Die kommissie sal steeds ontwikkelings rondom die Covid-19 pandemie, die uitslag van die Moseneke-onderzoek en ander relevante faktore oor die volgende paar weke monitor.

## PENSIOENARISSE MOET ONTHOU!

Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2021 begin, moet onthou dat aansoeke vir die afslag skriftelik gedoen moet word voor 31 Augustus 2021.

Om te kwalifiseer moet die applikant eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie eienaar wees van meer as een eiendom nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R8 170,00 per maand. Kortings word as volg bereken: op inkomste van R0,00 tot R4 300,00 per maand: 100% - op inkomste

van R4 301,00 tot R4 850,00 per maand: 60% - op inkomste van R4 851,00 tot R7 500,00 per maand: 30% en op inkomste van R7 501,00 tot R8 170,00 per maand: 15%.

Aansoekvorms vir die korting is by munisipale kantore beskikbaar en pensioenarisse wat hulp met die aansoek benodig is welkom om Raadslid Phillip van der Merwe van die Vryheidsfront Plus te kontak by 058 85 22041.

Applikante moet verkieslik 'n afskrif van die aansoek maak en vra dat die munisipaliteit 'n datumstempel op die afskrif aanbring wanneer die aansoek ingedien word.

# COVID-19:

## WAT JY VANDAG MOET WEE

Die dodetal staan tans op 63 039 en 1 853 804 mense het reeds van die virus herstel.

Suid-Afrika is tans die land met die 18de meeste Covid-19 gevalle in die wêreld.

Die jongste inligting van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste deurgegee, dateer tot op 8 Julie 2021, dui aan dat Ngwatho 3 683 bevestigde Covid-19 gevalle het waarvan Heilbron op 990 staan en is daar 39 positiewe gevalle bygevoeg sedert 1 Julie 2021.

Die Suid-Afrikaanse Polisie se inentingsprogram tel spoed op, luidens 'n verklaring wat deur die polisie uitgereik is. Die polisie het teen Woensdag reeds 2 055 polisieledes en ondersteuningspersoneel in die Orlando-stadion in Soweto en die Tshwane-polisieakademie ingeënt nadat die program Maandag begin het.

**OUHEDDE GESOEK**

Afrikaanse, oeroue kombuisware, ou gereedskap veral houtmakers, "tin toys", "enamel signs" miniatuur speelgoed soos Naaldwerkmasjiene, ens. Verskeidenheid te veel om op te noem.

**Welkom om my te kontak of boodskap te laat na 081 288 3186.**

### VAKATURE: JUNIOR & SENIOR PERSONEEL

Verantwoordelikhede

- Data vaslegging
- Prosesering van data en rekonsiliasies
- Kantooradministrasie (liasering, tydstate byhou)
- Opstel van finansiële state
- Indien van belastingopgawes

Vaardighede sal voorkeur geniet:

- MS Office (Excel, Word)
- Rekenaarvaardighede
- Goed georganiseerd en gefokus
- Goeie menseverhoudinge en kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Afrikaanssprekend

Aansoeke sluit 15 Julie 2021

Adres: Breiërstraat 33, Heilbron, 9650  
CV: jurie@jgpotgieter.co.za  
Navrae: Kontak Jurie by 058 85 23001

RA REGISTERED ACCOUNTANTS  
CA(SA) SOUTH AFRICAN ASSOCIATION OF ACCOUNTANTS

# FOOIE, HEFFINGS EN TARIIEWE ...

Tussen brandstof, krag en jou munisipale rekening gaan jou beursie plat wees. Reeds vuisvoos verbruikers moes hulle Dinsdag gereed maak vir brandstofverhogings wat om middernag in werking tree. Hierdie verhogings sal die prys van voedsel en ander noodsaaklikhede ook beïnvloed. Ngwathe se munisipale tariewe is vanaf 1 Julie verhoog tot en met 30 Junie 2022, enorme kragtariefverhogings word voorspel en reeds sukkelende verbruikers hoes nou by petrolpompe ook. Die minister van minerale, hulpbronne en energie het die volgende aanpassings aangekondig: Vir Petrol-93 sal jy voor 29c per liter meer betaal, terwyl Petrol-95 jou 26c per liter meer sal kos. Die Diesel-0,05% swael styg met 42c per liter en die Diesel-0,005% swael met 41c per liter. Gas kos jou nou 63c per kilogram meer en paraffien 48c per liter. Die sitplekgordel trek al stywer vas, in laas week se Heilbron Herald is die vasstelling van fooie, heffings en tariewe

vir die finansiële tydperk 2021/2022 deur Ngwathe Munisipaliteit geplaas en het die munisipale tariewe met 4.1% gestyg terwyl watertariewe met byna 5% verhoog is. Die elektrisiteitstariewe kan hoofsaaklik as gevolg van enorme Eskom verhogings, tot en met 20% styg, afhangend van wat NERSA goedkeur.



# VERKEER TOETSSTASIE TYDELIK GESLUIT



Die kennisgewing op die hek by Heilbron se Provinsiale Verkeer toetsstasie dui aan dat die kontrak met die maatskappy wat verantwoordelik is om die perseel te saniteer, nie hernu is nie. Hulle was dus genoodsaak om dit

onbepaald te sluit en wag nou vir nuwe aanstelling of hernuwing van die kontrak. Dit is ook onseker wanneer die dienste weer sal voortgaan, maar hopelik sal dit binnekort wees. Navrae kan telefonies gedoen word by 058 853 1056.

**POSTNET HEILBRON** **NEW!**

## SAME DAY COLLECTION AND DELIVERY

**BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!**

**FOR ONLY R75**

- SASOLBURG**
- VEREENIGING**
- VANDEBIJLPARK**

CONTACT US TO ARRANGE YOUR COLLECTION OR DELIVERY!

42 Els Street, Heilbron | heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

**POSTNET HEILBRON**

**Besigheidsure**

**Maandae - Vrydae:**  
08:00 - 16:30

**Saterdag:**  
09:00 - 12:00

**Elsstraat 42 HEILBRON**

**Tel:**  
**058 853 0006**

**HOËRSKOOL WILGERIVIER**  
TOELATINGS VIR **2022** NOU OOP!

**Top gehalte Akademie**  
**Remediërende Onderrig**  
**Uitmuntende Sport en Kultuur**  
**Veilige Koshuisverblyf**  
**Wye verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite**

Skryf nou in om toelating te voorskou

www.wilgerivierhskool.co.za

058 853 1000

Hoërskool Wilgerivier  
aan die skoolheersers

**THE INVESTMENT WE MAKE TODAY PROVIDES THE OPPORTUNITY FOR A BETTER FUTURE.**

Investing in the future means making the smart, innovative choices today. At DSI, we lay the path for today and tomorrow's successes. Partnering with government stakeholders and industry, we invest in the future by innovating, enabling and creating opportunities that improve the lives of citizens.

**#itspossible**

science & innovation  
Department of Science and Innovation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**2030 NDP**

**STRAY SAFE**  
SMARTER SAFER

# WEEK SEWE-EN-TWINTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

**G**auteng is nog steeds toegesluit, en ons sal seker toegesluit bly vir die volgende afsienbare toekoms. Dit laat my baie dink aan hoe ek mense naby aan my se dood ervaar: jy raak nie daaraan gewoond nie, jy leer net om daarmee saam te leef.

Ieder geval. Wat my die afgelope twee weke krap, amper soos 'n lang vingernael op 'n swartbord, is die hoeveelheid sogenaamde "kenners" wat op sosiale media uit allerhande gemakstoel pop. Letterlik.

Maak jy jou WhatsApp oop, is daar iemand wat vir jou 'n videogreep aanstuur van 'n kenner van die inenting, en sewe redes waarom jy nie ingeënt moet word nie. O, en moenie vergeet nie, die mediese kenner se vrou is ook 'n mediese kenner, en sy stem saam.

Die volgende WhatsApp het 'n ander

kenner wat agt redes het hoekom jy ingeënt moet word. Die kenner se vriend se oom is ook 'n mediese kenner en het jare se ondervinding in een of ander mediese veld en hy stem saam.

Ons kantore was verlede week toe, want dit moes gesaniteer word. (Regtig? Watse woord is "saniteer"?) Hoekom die kantore moes toemaak, weet nugter. Want as hier niemand is nie, is hier ook nie 'n virus nie. Dis die kort van die lank, maar ek is nie 'n kenner nie.

Nietemin: so moes ek 'n negatiewe COVID-19 toets inhandig om weer in die kantoor toegelaat te word. Ek praat met iemand wat COVID-19 gehad het. Ek moet eers op dag 5, 7 of 10 laat toets, word ek ingelig.

Dag 5, 7 of 10 van wanneer af? Vandat jy kontak gehad het met iemand wat COVID-19 het, hoor ek.

Wel, ek is per telefoon ingelig dat iemand in ons gebou siek is, ek het definitief nie met hulle kontak gehad nie.

Maar jou toets kan 'n valse negatiewe wys as dit nie op dag 5, 7 of 10 gedoen is nie, sê die persoon. Ek dink by myself dat hierdie nie soos 'n swangerskapstoets is nie: jy hoef nie die presies dag in jou siklus te weet om 'n positiewe of negatiewe toets te kon kry nie.

Ek het my twee dae voordat ek kon terugkeer kantoor toe, laat toets. Want dit wat net heeltemal te veel energie om uit te vind water dag 5, 7 of 10 was. Want dit is wat die kenners sê.

Vir wat dag 5, 7 of 10? Beteken dit wat ek nie op dae 1, 2, 3, 4, 6, 8, en 9 sal siek wees nie? Watse nonsens is hierdie? Maar ek is nie 'n kenner nie.

O, word ek nog verder vertel, luister alles wat jy kan kry van dokter N, want hy is 'n absolute internasionale kenner op hierdie gebied. Hy werk by 'n hospitaal in 'n kleinerige dorpie in Limpopo. Ja, ek glo jou. Hy is 'n kenner, hy werk in 'n klein dorpie maar hy is 'n internasionale kenner. En ek het hom nog nooit oor die radio hoor praat nie, ook nog geen onderhoud met hom gehoor nie. Maar as jy in jou klein wêreldjie glo dat hy 'n kenner is, is dit jou reg. Jou absolute internasionale reg.

En dan is daar die FB video's waarvan ek probeer wegkom. Wanneer ek een keer elke twee weke probeer kyk wat op FB aangaan, moet ek gewoonlik my wagwoord laat herstel, want ek het dit teen daardie tyd weer vergeet. Dis hoe min ek daarmee te doene wil hê.

Teen wil en dank stuur iemand dan vir my 'n skakel aan om daarna te kyk: as dit nie 'n mediese kenner is nie, is dit 'n wannabee geestelike leier wat 'n eier te lê het oor hoe keelvol sy is, want sy kom nou net van 'n COVID-19 toetsentrum af en daar was 'n ouerige tannie wat nie vir haar koeldrank saamgevat het nie, en 'n jong kleutertjie wat so moeg was en wie is ons om A, B of C te sê want ons weet nie waar hulle vandaan kom nie. Ons weet ook nie wat hulle storie is nie en ons moet eerder sus en so optree en sy gaan aan soos 'n goedkoop wekker oor alles wat ander mense verkeerd maak. Maar jy is 'n geestelike kenner.

Ja, weet jy, ek wil ook so aangaan oor jou en jou optrede, maar ek weerhou myself daarvan om 'n volslae gek van myself te maak om soos jy oor sosiale media alles filter oos te verkondig.

Ek weerhou myself daarvan om 'n volslae

gek van myself te maak, punt. Vergeet van sosiale media. Want dit is wragtag 'n gemors. Ons het dit hierdie week weereens gesien:

'n Model paartjie, wat so twee weke gelede in 'n tydskrif verkondig het hóe sterk hulle huwelik (ná drie kinders) is, kraak skouspelagtig terwyl die wêreld toekyk. Die modelvrou sê op sosiale media dat hulle gaan skei. Die middelman pos net daarna 'n inskrywing dat sy vrou postpartum depressie het en dat daar niks fout is met hulle huwelik nie. Dan pos die modelvrou weer dat so-en-so haar man kan vat as sy wil. 'n Dag daarna dreig so-en-so die modelvrou met die reg en dan plaas modelvrou weer 'n nuwe inskrywing om te sê sy is jammer.

Ag, ja, whatever, wil ek uitskree. Kan iemand my net verlos van hierdie nonsens? Ek het klaar my sê oor die inenting gesê, ek wil nie meer hoor wat wie sê oor die inenting nie, ek wil nie meer hoor van dag 5, 7 of 10 nie, ek wil nie hoor hoe swets 'n geestelike leier op sosiale media nie en wil beslis nie lees hoe beswadder paartjies mekaar nie.

Ongelukkig kan ek nie anders as om dit te lees nie want dit is in your face.



Ek kan nie meer met al hierdie kenners saamleef nie. Of jy nou oor die inenting wil praat of oor toetse of oor wat op sosiale media aangaan nie, ek gee regtig nie om nie.

Los my net bietjie in vrede. Ek het genoeg werk van my eie. Dis tyd dat jy ook besig raak met goeters wat regtig sin maak.

Sela.

## PANEEL 12

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



Paneel 12.

## ONDERTEKENING VAN DIE TRAKTAAT

■ Quarta Pretorius

**H**ierdie paneel stel die ondertekening van 'n traktaat tussen uDingane en die Voortrekker Piet Retief voor. Dit het op 4 Februarie 1838 in die Zoeloe hoofsetel uMgungundlovo plaasgevind. In die agtergrond is die Zoeloe hutte, terwyl die aktiwiteite plaasvind. Die tafeltjie wat gebruik is vir die ondertekening is korrek op die paneel uitgebeeld, aangesien die oorspronklike tafeltjie, wat in die versameling van die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg bewaar word, as voorbeeld gebruik is. Die stoel waarop uDingane sit, was insgelyks tot die kunstenaars se beskikking. Dit is 'n stoel met vyf pote wat uit 'n boomstam gekerf is.

uDingane word in die uitbeelding deur sy raadgewers omring. Die beeldhouer het twee Zoelomans, naamlik N. Ghubeni en

F. Luthuli, as modelle vir die uitbeelding van die raadgewers gebruik. Sommige van die raadgewers, insluitende uDingane self, het ringe om hulle koppe. Al die Zoeloes word in 'n sittende of knielende posisie uitgebeeld. Ooreenkomstig die Zoeloe tradisie mag geeneen van die onderdane se kop hoër as hulle koning s'n wees nie. Langs uDingane kniel 'n jong man met sy hande gebak voor hom. Volgens Zoeloe tradisie het uDingane nooit op die grond gespuug nie, maar in die hande van een van sy bediendes.

Retief sit teenoor uDingane by die tafeltjie, terwyl sy manskappe, waaronder sy eie seun, asook 'n Engelse seun wat aan die naburige sendingstasie verbonde was, regs van hom staan.

Beeldhouer was Frikkie Kruger.

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **ABRAHAM JACOBUS HERBST, ID 491022 5024 088**, in lewe wewenaar en woonagtig te plaas Vlakpan, Heilbron, 9650, Provinsie Vrystaat.  
**Meesterverwingsnommer: 5053/2019**  
 Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet no. 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landdros te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.  
 Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.  
**LOUISE SNYMAN**  
**RINGERSTRAAT 68, HEILBRON**  
**082 965 4964**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **MICHEL GUILLAUME VAN NIEKERK, IDENTITEITSNOMMER 450612 5052 086**, wat woonagtig was te Plaas Mooiplaats, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 20 April 2020, **boedelnommer 003396/2020**.  
 Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.  
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**  
**BREËSTRAAT 33**  
**POSBUS 199**  
**HEILBRON, 9650**  
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Akte Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T16717/2011** gepasseer deur **DIE EKSEKUTEURS IN DIE BOEDEL VAN WYLE GERT PETRUS VAN DER WALT, Boedelnommer: 15335/2010**, ten gunste van **JACOMINA ALETTA VAN DER WALT, Identiteitsnommer 690319 0017 086**, ongetroud ten aansien van sekere **ERF 176 REITZ, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of vernietig is.  
 Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.  
 Gedateer te Reitz op hede die 5de dag van Julie 2021.  
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**  
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810**  
**bligwes06@gmail.com**  
**TEL: 058 863 2884/5**

## WEERVOORSPELLING

Sa. 10/7	2/20	Sonlig
So. 11/7	2/20	Sonlig
Ma. 12/7	3/20	Sonlig
Di. 13/7	-3/11	Sonlig
Wo. 14/7	-2/12	Sonlig
Do. 15/7	-2/12	Sonlig
Vr. 16/7	5/18	Sonlig
Sa. 17/7	5/18	Sonlig
So. 18/7	6/18	Sonlig
Ma. 19/7	6/19	Sonlig

## JAARBEPLANNER

**JULIE 2021**  
 23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)  
 30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)  
**AUGUSTUS 2021**  
 6, 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkopings)  
 28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)  
**SEPTEMBER 2021**  
 23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)  
**OKTOBER 2021**  
 1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)  
 29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)  
**NOVEMBER 2021**  
 26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

**DISCOUNT DINSdag**  
 8 - 13 JULIE 2021  
**A5 CUSTOM NOTEPAD**  
 50 x A5 CUSTOM NOTEPADS Full Colour 5/Sided Print, 50 pages each  
**R1499**  
 Herald

**DISCOUNT DINSdag**  
 8 - 13 JULIE 2021  
**BILLBOARD PENS**  
**R789**  
 50 x BRANDED PENS Includes Full Colour Dome Stocker  
 Herald

**DISCOUNT DINSdag**  
 8 - 13 JULIE 2021  
**NEWSPAPER ADVERT**  
**R430**  
 100x131mm FULL COLOUR AD Available for booked and paid inside advertisements during given date.  
 Herald

# DIENSTE

**Muller DRAAIWERKE**  
**Andries Muller**  
**072 447 7446**  
**Vrystraat 23, Heilbron**  
 Ou Heilbron Betonwerke se gebou  
**MILLING • KEYWAYS**  
**ALGEMENE DRAAIWERK**  
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL VAN SOJA-MIELIERESTE**  
 Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.  
 Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191  
 peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**  
 Vir sny-, hark- en baalwerk.  
 Kontak Evert Kleynhans  
 072 018 3685 Heilbron

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**  
 Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.  
**Hannalie Claassen 079 040 0531**

**BLOEDSKENK DATUMS**  
 27 Julie  
 28 September  
 23 November

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak **Silma Petzer**.  
 Kantoorure  
**058 852 3033.**

**TE KOOP**  
**VOER TE KOOP**  
 Skakel  
**083 688 8256**  
 K0746  
**Winkelure**  
**MAANDAE - DONDERDAE**  
 07:30 - 17:00  
**VRYDAE:**  
 07:30 - 16:30  
**SATERDAE:**  
 08:30 - 13:00  
 Elsstraat 44 Heilbron  
 Tel: 058 852 3033

# SMALLS EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**  
**Vir die beste transaksies en diens**  
 Elsstr. 47 HEILBRON  
 Tel: 058 852 2041  
 Petro Meintjes 083 308 9159

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**  
**Hugo Groenewald**  
**082 569 7205**  
 Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!  
 www.vloesetrad.co.za  
 13 Heilbronstraat 97, Frankfort, 9830  
 Tel: 052 589 7085  
 Kaart: 058 813 1047

**GEKLASSIFISEERD**  
 Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron  
 Tel: (058) 852 3033/4/5  
 Faks: (058) 853 0140  
 www.heilbronherald.co.za  
**E-POS ADRESSE**  
 • Abrie Watson abrie@heilbron.co.za  
 • John Watson john@heilbron.co.za  
 • Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za  
 • Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)  
 • Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)  
 • Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)  
 • Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)  
 • Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)  
 • Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)  
 • Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)  
 • Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)  
 Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.  
 Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

**PLOEG SEMOER**  
**LEER BELDE**  
 WERNER | 060 524 5567  
 JEANNE | 076 813 2751  
 www.ploegsemoer.com

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.  
**Kontak Jackie Wessels**  
**072 936 5925**

**BIBLIOTEK OOP**  
**Piercestraat 66 • Heilbron**  
 Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:  
 Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)  
**Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.**

**POSTNET HEILBRON**  
 Besigheidsure  
 Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30  
 Saterdag: 09:00 - 12:00  
**Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006**

Corporate & Commercial Engagement & Wedding Individual & Family Kiddies parties Matric Farewell Individual & Family Maternity & Newborn  
**MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY**  
 072 180 4113  
 marilize@mcreativestudio.co.za



# Op reis na (n)êrens

## DEEL 15

### OOM DANIE SKRYF...

deur Albie Schoeman

Grendelstraat 364  
Locktown  
2021

25 Maart 2021

Liewe dominee Braam

Dis gaan goed met oom Danie. Wag juis vir my brekfis voor ek opstaan.

Oom wag in die kombuis, Dominee. Oom is nie siek nie. Die tannie hang net wasgoed op dan kom maak sy vir ons kos. Dan staan Oom op sodat sy kan afdek en die skottelgoed was. Ek hoop nie Dooms het gedink Oom kry brekfis in die bed nie. Ek skaam my dood.

Die enigste keer wat Oom brekfis in die bed gekry het, was met sy aambeï operasie. Het Dominee al hande viervoet probeer eet? Die pap soek afdraand en die boude soek opdraand. Nie een is tevrede nie.

Oom sukkel so sonder sy Volksblad as hy wag vir sy brekfis. Kleindaan sê Pa moet die koerant op Pa se selfoon lees. Ek sê en dan vee ek seker my braairooster met my selfoon skoon. Hy sê los maar Pa...

Klein Daniekie sê, Oupa dit is maklik. Oupa kliek op die rooster, dan gaan Oupa na

settings, dan kliek Oupa op delete, dan is hy skoon. Ek sê Daniekie waar kom jy aan al die str..nonsens?

Dooms, vandag se kinders word anders as ons groot? Ons het drie houes vir 'n ligte oortreding gekry en ses as dit ernstig was. Vandag, as sy selfoon vir 'n uur gevat word, is dit kort duskant die doodstraf.

Daniekie se maatjie moes glo vir berading gaan. Hy het sy laptop op die grond langs sy bed gelos, toe dink sy ouma dit is 'n skaal.



Dominee, daai antie het glo agtien duisend rand geweeg. Dit is sonder die koste vir berading... As Dominee verstaan wat Oom

bedoel.

Ag Dominee, klein Daniekie bly maar sy oupa se oogappel. Hy is 'n slim klein mannetje. Hy sê, Oupa as jy *airtime* wil spaar, bel jou vriend en druk dood net voor hy antwoord dan bel hy terug.

Ek vertel vir ou Stompie by Huis Moeggeploeg en hy sê hy gaan dit probeer. Hy sê die klomp oues bel mekaar nou die hele dag en druk dood. Ek sê, Stompie, nou hoe weet julle hoe dit gaan? Hy sê nee wat, ons sien mekaar mos by die eetsaal dan praat ons.

Oom is so dankbaar dat Oom en die tannie nog ons eie blyplekkie het. Ons is nog nie reg vir die ouetehuis nie. Die jare was goed vir ons, Dominee. Dis net die naweke wat ons bietjie verniel het.

Dooms die winter is om die draai. Oom sien van die bome gooi al blare. Ek weet nie hoe gaan die tannie haar dae omkry, as sy nie kan grassny nie.

Ek sê sy moet betrokke raak by ons straat se slaggatprojek. Ek sê sy kan lewens red. Die goed is so groot as jy nie die gat betyds sien nie, sien jy joune. As Dominee verstaan wat oom bedoel.

Ou Dunlop van Wyk sê hy het nie 'n probleem met die slaggate nie. Hy en sy seun Tjoepie, het mos die bandplek. Neef Thysie sê hy sien hulle ry nou elk 'n

nuwe Fortuner. Die tannie sê dit wys jou, die een se gat word 'n ander se skat. As Dominee verstaan wat sy bedoel.

Dis seker waar van erfgoed ook, né Dominee?

My buurvrou, Dolly, gooi tot haar kombuisvullis in die gate. Sy sê dit is beter as om dit op die sypaadjie te laat vrot. Dooms moet sien hoe mooi kom die pampoene in ons straat op. Die tannie sê dis van die riool. Laer af waar die Naidoo's bly, groei die goed nie so lekker nie. Dink Dooms dit kan die kerrie wees?

My vriend Willem van Pretoria sê by hulle Boeremark hou hulle 'n kompetisie om te sien wie het die grootste pampoene. Ek sê vir Dolly sy moet ook inskryf. Toe klap sy my. Die tannie sê sy dink Dolly het my verkeerd verstaan. Nogtans, Dominee, mens klap nie sommer nie.

Maar dominee Braam, die eintlike rede hoekom Oom skryf, is oor die sonde. Die tannie sê ons moet nie belasting betaal nie. Ek sê, Vrou, dan pleeg ons 'n misdaad en dit is sonde. Sy sê as jy belasting betaal, betaal jy misdadigers ook. Sy sê dis ook sonde. Nou weet ons nie, Dominee. Hoe kom ons uit die een uit? Sal Dominee ons laat weet, asseblief.

Groete vir Mevroutjie.

Oom Danie.

*(Oom wou nog sê, julle moet kom pampoene haal. Ons het gewones en die met kerrie in.)*

*Skets Erkenning: Mia Marais*

# GIVING BACK FOR MANDELA MONTH

**LESEDI TELE CENTRE REGISTRATIONS**

NOW OPEN - CLOSING DATE 19 JULY 2021 TIME : 08h00

WE OFFER COMPUTER PRACTICE AND HUMAN RESOURCE MANAGEMENT  
BOTH OUR COURSES ARE ACCREDITED BY FLAVIUS MARINA TVET COLLEGE  
We are based WINDONG SERVICE CENTRE (Nelspruit)

Registration is R500 - N4 CP Monthly payment R 250.00 - N4 ME Monthly payment R 450.00

CONTACT PERSON : ELIAS MFOKENG 010 9401002



On the photo above members and students in front of training centre in Phiritona.

Lesedi Tele Centre is helping to make dreams come true. As part of Mandela Month they enrolled five students from needy families in Phiritona to free education at their centre. Elias

Mofokeng (right) founder of Lesedi Tele Centre said: "We hope one day that the learners will return the favour to needy community members"

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer*.  
Kantoorure 058 852 3033 | E-Pos: heraldnuus@heilbron.co.za

# KLEUTERS GENIET POPPEKASVERTONING



Die kleuters van Kleuterkaasteel Heilbron het na 'n poppekasvertoning gekyk op Woensdag 30 Junie 2021. Die tema was Die Stoute Krokodil! Die kinders het meer geleer van gehoorsaamheid en almal het dit terdeë geniet en sien uit na die volgende vertoning.

	9		2		1			
		4			8		7	
	7			6	9			8
1	4				5	8		
	6						2	
		8	6				4	7
2			3	4			6	
	3		1			7		
			8		2		1	

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

## POSTNET HEILBRON

### Besigheidsure

Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdag: 09:00 -12:00

**Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006**

**TELWIEDRE-VOERE**

Address Laer Street, Heilbron, 9650 | Postal: P.O. Box 294, Heilbron,  
9650 Tel: 058 852 2742 | Fax: 058 852 3700

**VAKANTE POS**  
**Voorraad kontroleerder / Voorraadbeheer beampte**

*Ons is tans opsoek na 'n baie bekwame, betroubare, selfgemotiveerde Voorraad kontroleerder / Voorraadbeheer beampte om by ons groeiende span aan te sluit. Om in hierdie pos te slaag sal u 'n onafhanklike, bekwame en deeglike professionele persoon moet wees, wat trots is op hul werk, en toegewyd is aan veiligheid en voorraadbestuur.*

- Minimum Vereistes en Kwalifikasies:**
1. Minimum kwalifikasies: Graad 12.
  2. Voorraadbeheer ondervinding.
  3. Produksie ondervinding.
  4. Rekeningkundige kwalifikasie: Diploma vlak.
  5. Versending ondervinding.
  6. In staat om onafhanklik te werk, maar ook deel te vorm van 'n span.
  7. Gewillig om na normale werksure te werk, aangesien dit 'n 24/7-aanleg is.
  8. Die vermoë en bereidwilligheid om alle wetlike en veiligheidsregulasies na te kom.
  9. Uitstaande probleemoplossing en kritiese denkvaardighede.

- Pligte en Verantwoordelikhede:**
1. Verseker dat die voorskrifte vir gesondheid en veiligheid, omgewing, kwaliteit en huishouding in die afdeling nagekom word.
  2. Totale beheer van grondstowwe.
  3. Verseker dat voorraad korrek afgelewer, ingeweeë en ingeteken word.
  4. Verseker dat uitlaai korrek hanteer word.
  5. Hantering van alle administratiewe pligte rondom die pos, asook bestellings.
  6. Verseker dat toegang maatreëls tot voorraadstoor beheer word.

**Sluitingsdatum:** Donderdag, 15 Julie 2021 om 09:00.  
**Belangstellendes:** E-pos u skriftelike CV/aansoek aan [admin@telwiedre.co.za](mailto:admin@telwiedre.co.za)

**VACANCY**  
**Inventory- Controller / Manager**

*There is currently a vacancy for a highly-skilled, reliable, self-motivated Inventory-Controller / Manager to join our growing team. To succeed in this position you will be an independent, competent, and thorough professional who takes great pride in their work, and is committed to safety and stock management.*

- Requirements and Qualifications:**
1. Minimum qualifications: Grade 12.
  2. Stock Management experience.
  3. Production experience.
  4. Diploma in Accounting.
  5. Shipping experience.
  6. Able to work independently with little supervision.
  7. Willing to work after normal working hours as it is a 24/7 plant.
  8. Ability and willingness to follow all legal and company safety regulations.
  9. Outstanding problem solving and critical thinking skills.

- Duties and Responsibilities:**
1. Ensure adherence to regulations regarding health and safety, environment, quality and housekeeping in section.
  2. Total control of raw materials.
  3. Ensure the correct delivery, weighed in and checked in of stock.
  4. Ensure that the dispatching document is handled correctly.
  5. Handle all administrative duties, including orders.
  6. Ensure controlled access to raw materials store.

**Closing date:** Thursday, 15 July 2021 at 09:00  
**Those interested:** Email your written resume/application to [admin@telwiedre.co.za](mailto:admin@telwiedre.co.za)

**Herald Office National COVID-19 PROTECTION PREVENT & PROTECT**

**Pulse Oximeter**  
Fingertip Oximeter  
Lightweight & Portable  
One-Button Measurement  
**NOW R199 EACH**  
WAS R515.70

**3 Ply Masks**  
**NOW R50 BOX OF 50**  
WAS R230  
Prevents Spread of Germs  
Non-Medical Single Use  
Buy each unit R5.00

**5L Liquid Sanitiser**  
70% Alcohol  
Disinfects Surfaces  
Freshens the Air  
Easy to use  
**NOW R218.50 EACH**  
WAS R230

**500ml Liquid Sanitiser**  
70% Alcohol  
Disinfects Surfaces  
Freshens the Air  
Easy to use  
**NOW R47.50 EACH**  
WAS R50

**400ml Aerosol Spray**  
97% Alcohol in concentrate  
Disinfects Surfaces  
**NOW R55.10 EACH**  
WAS R58

**275ml | Aerosol Spray**  
Over 70% Alcohol  
Disinfects Surfaces  
Freshens the Air  
**NOW R42.80 EACH**  
WAS R45

**Thermometer**  
Non-contact temperature reading  
Infrared sensor  
Screen Display  
**NOW R450.30 EACH**  
WAS R495

**Sanitising Aerosol Fogger**  
**R75 EACH**  
Valid until 30 July 2021  
All prices include VAT  
While stock last  
058 852 3033

# ZACHARIA SE EERSTE MUG

Golfers was verlede Saterdag redelik droëbek tydens die HBA maandbeker. Die President het mos gepraat en die kroeg is toe, maar lus vir die spel het die manne baan toe getrek. Zacharia Moholo wen die maandbeker met 'n netto telling van 74 hou. Hy en sy maat Simon

Malgas wen ook vir Abrie Watson en Edward Muller in die dubbel putjiespel kompetisie. In nog 'n verrassing wen Johan Weilbach vir Julyan Bruyns in die enkel putjiespel. Johan was ook tweede op die dag se spel met 'n 75 netto telling. Ruan Mienie kom ook uit sy wendroogte en eindig derde met 'n 76 netto.

Slegte nuus is dat die Boeretreat Classic wat op 30 en 31 Julie sou plaasvind ook nou uitgestel is tot 'n latere datum. Weereens moet die skuld op Covid-19 geplaas word.

Daar sal mōre gewone spel wees met vleispryse en afslaan is 11:00, inskrywings is vanaf 10:30.



WENNERS VIR DIE DAG: Op die foto vl: Johan Weilbach, Zacharia Moholo en Ruan Mienie.

## HEILBRON DUBBELS :2021

04/07/2021

	LOG	P	W	D	L	PD	PTS
1	GERRIE & EBEN	5	2	1	2	-2	5
2	ABRIE & EDWARD	3	2	0	1	+5	4
3	JULYAN & JOHN	3	2	0	1	+3	4
4	LEONARD & NIKLAAS	3	2	0	1	+2	4
5	WILLIE & JOHAN	2	1	1	1	+3	3
6	ZAGARIA & SIMON	1	1	0	0	+2	2
7	WILLEM & RUAN	2	1	0	1	-1	2
8	JACKIE & WIAM	3	1	0	2	-4	2
9	PIETER & ARNOLD	1	0	0	1	-1	0
10	RJ & VIAN	2	0	0	2	-5	0

# HEILBRON Duiwennuus

## REDDERSBURG JAAROU

- Zenith Hokke A
- F Viviers
- F Viviers
- Zenith Hokke A
- F Viviers
- Zenith Hokke B
- Zenith Hokke B
- F Viviers
- F Viviers
- Crause & Seun

## REDDERSBURG OPE

- Stemmett Hokke
- Zenith Hokke A
- Zenith Hokke B
- Zenith Hokke A
- Zenith Hokke A
- Zenith Hokke A
- Zenith Hokke A
- Zenith Hokke A
- Crause & Seun
- Zenith Hokke B

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Reddersburg oor 'n afstand van 315km. Dit was weer 'n Combine waaraan ±600 duiweboere deelgeneem het. 'n Noordweste wind het die spoed heelwat afgebring. Stemmett Hokke het die eerste jongduif na net 4 ure geklok. Die spoed was 76 km per uur. Zenith Hokke A wen die ope wedvlug met 3 sekondes voor die 2de duif.

**Pharmacy & Clinic**  
**PLATTELAND**  
Platteland Apteek en kliniek is opsoek na 'n **GEREGISTREERDE VERPLEEGKUNDIGE** met algemene, verloskunde en gemeenskap verpleegkunde, asook dispensing kursus. Registrasie by SARV. Stuur CV na 063 721 4950 of [platteland@thelocalchoice.co.za](mailto:platteland@thelocalchoice.co.za) (Sluitingsdatum: Vrydag 16 Julie 2021)

063 721 4950 087 577 0723  
12 Ward-mid-Street, Wessfontein, Heilbron

**HOUT VIR ELKE GELEENTHEID**  
Gasveld Braai Mx R60 per sak  
Kamperhout R50 per sak  
Kontak: Bek by 081 702 9927  
Wes 111 254 9111 wms

**FUNKSIONELE TERAPEUT & PASTORALE BERADER**  
TRAUMA, VERLIES, GESINSBERADING  
**KINDER-SPELTERAPEUT**  
TRAUMA, VERLIES, GEDRAGSPROBLEME  
**REMEDIERING**  
GRAAD R: GEREGISTREERDE SKOOLGEREEDHEIDSTOETS  
BREEJA SCHEEPERS: 083 660 5873

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak

*Silma Petzer.*

Kantoorure 058 852 3033.

## BKB Louwid

Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilinge

**DINSDAG - 13 JULIE 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling  
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling  
Kontak Pieter Venter 060 678 3876

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling  
Kontak John Campher 072 202 0160

DUNDEE Twee-weeklikse veiling  
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

VEREENIGING: UNITRADE REUSE 2-DAG MELKERY UITVERKOPING 544 Melkbeeste & melktoerusting 11:00, MODDERFONTEIN, VEREENIGING  
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066

**WOENSDAG - 14 JULIE 2021**

REITZ Twee-weeklikse veiling  
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG Maandelikse veiling  
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

VEREENIGING: UNITRADE REUSE 2-DAG MELKERY UITVERKOPING 544 Melkbeeste & melktoerusting 11:00, MODDERFONTEIN, VEREENIGING  
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066

**DONDERDAG - 15 JULIE 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling  
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling  
Kontak Schaik Jonker 073 007 0022

DANIELSRUS Kwartaliese veiling  
Kontak Schaik Burger 076 070 1411

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling  
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

REDE: CHARFONTEIN DOHNE MERINO STOE 12 de Produksieveiling 530 Skape 11:00, Humania, Vrede  
Kontak Pieter Nel 076 078 9849

**VRYDAG - 16 JULIE 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling  
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling  
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling  
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

MOOI RIVER: KWA-ZULU NATAL BRANGUS CLUB SALE 50 Bulle en 25 vroulike diere 11:00, Mooi Rivier veilingsskrale  
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

VREDE: OOS-VRYSTAAT MERINO & SAVV VELDRAIVEILING 60 Ramme 11:00, Vrede veilingsskrale  
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

**BKB LOUWID**

**GiG**

Technologies (Pty) Ltd.

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan- 072 840 4495  
[info@gigtechnologies.co.za](mailto:info@gigtechnologies.co.za)



**New!!**  
AJAX Wireless  
Smart Home Security Systems